

UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

TER NAGEDAGTENIS AAN
IN LOVING MEMORY OF
INKUMBULO YOTHANDEKAYO

Prof / uNjing Hayman Russel Botman

18/10/1953 – 28/06/2014



“Ons kan slegs gelukkig voel oor billike
toegang wanneer die dogter van die
plaaswerker dieselfde toekomsgeleenthede
het as die seun van die plaasboer.”

- *Rektor se inhuldigingstoespraak 11 April 2007*

“We can only feel satisfied that there is
fair access when the daughter of the farm
worker has the same future opportunities
as the son of the farmer.”

- *Rector's installation speech 11 April 2007*

MUSIEK:
Universiteit Stellenbosch Simfoniese Blaasensemble
met dirigent Pamela Kierman

ORRELIS: Mario Nell

SOLIS EN VOORSANGER: Roché van Tiddens
Stellenbosch Universiteitskoor
onder leiding van André van der Merwe

MUSIC:
Stellenbosch University Symphonic Wind Ensemble
conducted by Pamela Kierman

ORGANIST: Mario Nell

SOLOIST AND PRECENTOR: Roché van Tiddens
Stellenbosch University Choir
conducted by André van der Merwe

INTERPRETING SERVICE

An interpreting service from Afrikaans into English is available. Interpreters are seated at an angle behind the stage. If you would like to make use of this service, please rise and raise your hand, or feel free to fetch an electronic device from their table.

SIGN LANGUAGE

A sign language interpreter is available at the same table for guests with a hearing impairment. If you would like to make use of sign language interpreting, please arrange seating with the sign language interpreter.

Aktivis, vredemaker, teoloog, akademikus & denkleier...

Professor Hayman Russel Botman was die Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch (US). Hy is in 2007 in dié amp aangestel, en in 2012 vir nog vyf jaar heraan gestel. By sy dood op 28 Junie 2014 was hy ook Senior Visepresident van die Vereniging van Afrika-universiteite, Raadsvoorsitter van Kaapstad as Wêreldontwerphoofstad 2014, en 'n direksielid van Hoër Onderwys Suid-Afrika en Media24. Van 2006 tot 2011 het hy as Direksievoorsitter van die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees gedien.

Hy word op 18 Oktober 1953 in Heatherdale (nou Heidedal), Bloemfontein gebore, die oudste kind van Karel en Mavis Botman. Daar woon hy die Dr Blok-skool by en matrikuleer later aan die Kliptown Senior Sekondêre skool in Johannesburg. Hy sit sy studies aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) voort, waar hy die grade BA, BTh, BTh Lisenasiaat, MTh (cum laude) en DTh verwerf. As lid van UWK se Studenteraad in 1976, die jaar van die Soweto-opstand, lei hy sy medestudente in protes teen apartheid.

Hy word in 1982 as predikant van die eertydse NG Sendingkerk georden, en dien van 1982 tot 1993 as leraar in die Wynberg-gemeente. Hy speel 'n sleutelrol in die totstandkoming van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA), en bly enduit 'n sterk voorstander van groter eenheid in die NG Kerkfamilie.

In 1994 word hy as senior lektor in praktiese teologie by UWK aangestel, en in 1999 word hy tot medeprofessor en Dekaan van die Fakulteit Godsdiens en Teologie bevorder. In 2000 sluit hy by die US aan as professor in praktiese teologie en missiologie, en vervul 'n leidende rol in die vestiging van die VGKSA se teologiese opleiding aan die US se Fakulteit Teologie.

In 2002 word hy Viserektor: Onderrig, 'n pos wat hy beklee tot sy historiese aanstelling as die US se eerste swart Rektor en Visekanselier in 2007. Hy dien ook van 2003 tot 2007 as President van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Tydens sy loopbaan publiseer hy talle akademiese en populêre artikels oor menseregte, versoening, menswaardigheid, maatskaplike geregtigheid en die Belydenis van Belhar.

Die titel van sy inhuuldigingstoespraak aan die US in April 2007 is "'n Multikulturele universiteit met 'n pedagogie van hoop in Afrika", en hy wy sy ampstermyn daaraan om die US se verbintenisse tot regstelling en ontwikkeling in die praktyk te verwesenlik. In 2010 stuur hy die US se HOOP Projek van stapel, waardeur die Universiteit ontwikkeling in die samelewing bevorder. In 2013 aanvaar die Universiteit onder sy leiding 'n nuwe Visie 2030, wat daarop gemik is om die instelling meer inklusief, innoverend en toekomstgerig te maak – 'n plek waar denkleiers opgevoed word. In April 2013 ontvang hy die Abraham Kuyper-prys van die Princeton Theological Seminary in die VSA vir uitnemendheid in teologie en die openbare sfeer. In Maart 2014 ontvang hy 'n eredoktorsgraad van Hope College in die VSA vir leierskap in die hoër onderwys en die gereformeerde kerk. Vir sy bevordering van die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte ontvang hy erelidmaatskap van die Verenigde Nasies Vereniging van Suid-Afrika. Die Universiteit van Aberdeen in Skotland ken op 8 Julie 2014 postuum 'n eredoktorsgraad aan hom toe.

Prof Botman laat sy vrou, Beryl, na, asook sy kinders, Hayman, Lizelle, Ilse en Roxanne; skoondogter, Blanche; kleinkinders, Byron, Jayden en Haylan; susters, Ethne, Phoebe en Grace; en broer, Deon. Sy eerste vrou, Lizzie, is in 1987 oorlede.

Activist, peace maker, theologian, academic & thought leader...

Professor Hayman Russel Botman was Rector and Vice-Chancellor of Stellenbosch University (SU). First appointed in 2007, he was reappointed for another five years in 2012. At the time of his death on 28 June 2014, he was also Senior Vice-President of the Association of African Universities, Chairperson of World Design Capital Cape Town 2014 and a director of Higher Education South Africa and Media24. He was also a former executive chairperson of the Ecumenical Foundation of Southern Africa and founder of the Beyers Naudé Centre for Public Theology.

Born to Karel and Mavis Botman in Heatherdale (now Heidedal), Bloemfontein, on 18 October 1953, he attends the Dr Blok School locally and later matriculates from Kliptown Senior Secondary School in Johannesburg. He graduates from the University of the Western Cape (UWC) having obtained the degrees BA, BTh, BTh Licentiate, MTh (cum laude) and DTh. As a member of UWC's student representative council in 1976, the year of the Soweto uprising, he leads his fellow students in protests against apartheid.

Ordained in 1982 in the then Dutch Reformed Mission Church, he serves as minister of the Wynberg congregation from 1982 to 1993. He plays a key role in founding the Uniting Reformed Church of Southern Africa (URCSA), and to the end remains a staunch proponent of church unity within the Dutch Reformed Church family.

He joins UWC in 1994 as a senior lecturer in practical theology, and is promoted to associate professor and Dean of the Faculty of Religion and Theology in 1999. In 2000 he is appointed professor in missiology, ecumenism and public theology at SU, and is pivotal in the establishment of URCSA's theological training at SU.

In 2002 he becomes Vice-Rector: Teaching, a position he would occupy until his historic appointment as SU's first black Rector and Vice-Chancellor in 2007. From 2003 to 2007 he also serves as President of the South African Council of Churches. In the course of his career he publishes widely on human rights, reconciliation, human dignity, social justice and the Belhar Confession.

The title of his installation address at SU in April 2007 is "A multicultural university with a pedagogy of hope in Africa", and he devotes his time in office to the realisation of SU's stated commitment to redress and to development. He launches the University's HOPE Project in 2010, a ground-breaking science-for-society initiative. In 2013, he guides SU to the adoption of its new Vision 2030, which is to become more inclusive, innovative and future-focused – an institution that nurtures thought leaders. In April 2013 he receives Princeton Theological Seminary's Abraham Kuyper Prize for Excellence in Theology and Public Life, and in March 2014 he is awarded an honorary doctorate by Hope College in Michigan for leadership in higher education and the Reformed church. He also receives honorary membership of the United Nations Association of South Africa for advancing the Millennium Development Goals. On 8 July of this year, the University of Aberdeen in Scotland will award him an honorary doctorate posthumously.

Professor Botman is survived by his wife, Beryl; his children, Hayman, Lizelle, Ilse and Roxanne; daughter-in-law, Blanche; grandchildren, Byron, Jayden and Haylan; sisters Ethne, Phoebe and Grace; and brother, Deon. His first wife, Lizzie, passed away in 1987.

BEGRAFNISDIENS
Prof Hayman Russel Botman

DF Malan-gedenksentrum
Stellenbosch

05/07/2014

FUNERAL SERVICE
Prof Hayman Russel Botman

DF Malan Memorial Centre
Stellenbosch

Liturg
Liturgist

Prof Nico Koopman

Verwelkoming en openingsgebed
Welcoming and opening prayer

Prof Nico Koopman

Gesang
Hymn

O Heer, my God
O Lord my God

Gebed en skriflesing
Prayer and Reading from Scriptures
Johannes/John 10:10 & Romeine/Romans 8:31-39

Ds/Rev Lee-Ann Simon

Optrede deur Stellenbosch Universiteitskoor
Performance by Stellenbosch University Choir

Indodana (Traditional Zulu)

Original arrangement: Ralf Schmidt &
Michael Barrett
Adapted: André van der Merwe
Percussion: Mikhail Swartz

*Lord, you have taken your Son.
Be with us always.
The Son of God was crucified for us.*

Preek
Sermon

Dr Setri Nyomi

Voorbidding
Intercession

Aartsbiskop/Archbishop Thabo Makgoba

O Heer, my God

O Heer, my God, as ek in eerbied wonder
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou...

Koor:

Dan moet ek juig, my Redder en my God:
hoe groot is U, hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Aa, Nkosi yam

Aa, Nkosi yam, xa ndiwuqwalasela
umsebenzi owenziwe nguwe:
iinkwenkwezi kwanazo iindudumo,
amandl' akho arhwaqelisayo,

Impinda:

nditsho ndikhahlele kuMsindisi:
Thix' omkhulu! Thix' omkhulu!
Ewe, ndokhahlela kuMsindisi:
Thix' omkhulu! Thix' omkhulu!

O Lord my God

O Lord my God, when I in awesome wonder
consider all the works thy hands hath made,
I see the stars, I hear the mighty thunder,
thy power throughout the universe displayed.

Refrain:

Then sings my soul, my Saviour God, to thee
how great thou art, how great thou art!

} x 2

Voorbidding deur die Anglikaanse Aartsbiskop van Kaapstad,
die Hoogwaardige Thabo Makgoba

Intercession by the Anglican Archbishop of Cape Town,
the Most Reverend Thabo Makgoba

God of hope, we come to you in shock and grief and confusion of heart at the sudden death of the head of this institution Prof Russel Botman. Help us to find peace in the knowledge of your loving mercy to all your children, and give us light to guide us out of our darkness into the assurance of your love, in Jesus Christ our Lord.

Lord hear us

Lord graciously hear us

Lord God, you are attentive to the voice of our pleading. Let us find in your Son comfort in our sadness, certainty in our doubt and courage to live. Make our faith strong through Christ our Lord.

Lord hear us

Lord graciously hear us

Lord Jesus Christ, you comforted your disciples when you were going to die: now set our troubled hearts at rest and banish our fears. You are the way to the Father: help us to follow you. You are the truth: bring us to know you. You are the life: give us that life, to live with you now and for ever.

Lord hear us

Lord graciously hear us

Father, you know our hearts and share our sorrows. We are hurt by our parting from Russel whom we loved: when we are angry at the loss we have sustained, when we long for words of comfort, yet find them hard to hear, turn our grief to truer living, our affliction to firmer hope in Jesus Christ our Lord.

Lord hear us

Lord graciously hear us

Father, the death of Russel brings an emptiness into our lives. We are separated from him and feel broken and disturbed. Give us confidence that he is safe and his life complete with you, and bring us together at the last to the wholeness and fullness of your presence in heaven, where your saints and angels enjoy you for ever and ever.

Lord hear us

Lord graciously hear us

Lord, we pray for those who mourn, especially for his dear widow Beryl, and their children, Hayman,

Lizelle, Ilse and Roxanne; his grandchildren Byron, Jayden and Haylan, and his siblings and their spouses. Be gentle with them in their grief. Show them the depths of your love, a glimpse of the kingdom of heaven. Spare them the torment of guilt and despair. Be with them as they weep beside the empty tomb of our risen Saviour.

Lord hear us

Lord graciously hear us

Vader van alle genade en God van alle vertroosting, U agtervolg ons met 'n liefde wat nooit uitgeput word nie en verdryf die skadu van die dood met die môrelik van die lewe. Hemelse Vader, ons bid vir hulle wat treur: vir die universiteitsgemeenskap, die studente en personeel; vir sy vriende in die akademiese gemeenskap; vir die lidmate en predikante van die Nederduitse kerkfamilie; vir Christene in die ekumeniese familie in ons land en in die wêreld; vir alle mense van geloof en sonder geloof.

Mag hul droefheid gevul wees met hoop, in volle geloof dat Jesus gesterf en weer opgestaan het, in volle wete dat U hulle wat in Jesus gesterf het, weer in Jesus sal laat opstaan.

Here uit genade

Verhoor ons gebed

Genadige Vader en God van alle lewe, ons loof U dat ons na U ewebeeld geskape is, om as 'n beeld van liefde en waarheid te skyn. Ons dank U vir die lewe van U seun, Russel, vir die liefde en genade wat hy van U ontvang het en met ons gedeel het.

Bo alles, ons verheug ons in U wonderlike belofte aan U diensknegte, lewend en ontslape; dat ons weer sal opstaan met die wederkoms van Christus. Ons vra dat ons deel mag hê, saam met ons broer in daardie visie, wanneer ons U van aangesig tot aangesig ontmoet, deur Jesus Christus onse Here.

Here uit genade

Verhoor ons gebed

Onthou U dienskneg, o Heer, wat ons vooruitgegaan het in geloof en nou in ewige vrede rus. Gee aan hom en almal wat in Christus rus, verkwikking, liefde en vrede, volgens U belofte, deur Jesus Christus onse Here.



Optrede deur Stellenbosch Universiteitskoor
Performance by Stellenbosch University Choir

Don't You Weep When I am Gone (Traditional Spiritual)

Arranged: Richard Allain

*When I'm gone, oh mother, don't you weep when I am gone!
For I'm goin' to heav'n above, goin' to my God of Love!*

Huldeblyke / Tributes

Universiteit Stellenbosch
Stellenbosch University

Dr Johann Rupert

Botman-familie
Botman family

Mnr/Mr Hayman Botman

Kerk-gemeenskap
Church community

Biskop/Bishop Ziphozihle Daniel Siwa

Ander geloofsgemeenskappe
Other faith communities

Imam Shaakier Vermeulen

Ministerie van Hoër Onderwys en Opleiding
Ministry of Higher Education and Training

Me/Ms Dianne Parker

Solo

You raise me up
Verwerk deur / Arranged by Eddie Clayton

Bedankings
Vote of thanks

Me/Ms Ruth Botman

Gesang
Hymn

Die kerk se hoop en ere
The church's one foundation

Seën
Benediction

Ds/Rev Anlene Taljaard

Nasionale Lied (bl 21)
National Anthem (p 21)

Dodemars
Dead March from Saul, HWV 53

GF Händel

Die kerk se hoop en ere

Die kerk se hoop en ere
Die grond waarop sy bou
Is Christus onse Here
Die Rots wat ewig hou.
Om haar hier te verwerwe
As skone, reine bruid
Moes Hy in smarte sterwe.
Sy's uit sy bloed ontspruit.

Isiseko secawa

Isiseko secawa
singuKrest' iNkosi.
Isidalwa sakhe
ngamanzi negazi.
Wayenzenzela ibe
ngumtshakazi wakhe,
ohlal' esidl' ubomi,
ngoko kufa kwakhe.

The church's one foundation

The church's one foundation
is Jesus Christ, her Lord:
she is his new creation
by water and the Word.
From heaven he came and sought her
to be his holy bride;
with his own blood he bought her,
and for her life he died.

Slippedraers / Pallbearers

KERK (BEGIN VAN DIENS) / CHURCH (START OF SERVICE)

Cathy Botha
Ilse Botman
Lizelle Botman
Roxanne Botman
Phebe Kerspuy-Botman
Veronica Klassen
Gwen Klein
Grace Koetaan

KERK (NA DIE DIENS) / CHURCH (AFTER THE SERVICE)

Eugene Cloete
Trevor Cowley
Mohammad Karaan
Julian Smith
Arnold Schoonwinkel
Sam Tshehla
Louise Warnich
Monique Zaahl

BY DIE GRAF / AT THE GRAVE

Onderpapegaaiberg Begraafplaas
Onderpapegaaiberg Cemetery

Teraardebestelling
Burial

Ds/Rev Deon Botman

Slippedraers / Pallbearers

NA DIE GRAF / TO THE GRAVE:

Edwin Abrahams
Frew Benson
Hayman Botman
Edwin Jacquire
Quintin Koetaan
Patrick Louw
Keith van der Scholtz
Neil van der Scholtz



Huldeblyke

“Prof Russel Botman was one of the pioneers of transformation in higher education in South Africa. Our country has lost one of its leading lights.”

– *President Jacob Zuma*

“Russel Botman enriched the lives of many South Africans. In my encounters with him, I was always encouraged to see that South Africa had dedicated men and women committed to seeing our education centres constantly improved and developed.”

– *Ms Helen Zille, Premier of the Western Cape*

“Prof Russel Botman will be sorely missed at the Stellenbosch Municipality. The Mayor/Rector’s Forum was responsible for mapping a path of transformation, development and a better life for all in the town. We say goodbye to a theologian and community leader whose caring extended well beyond the borders of the country.”

– *Mayor Conrad Sidego and Stellenbosch Municipality*

“Under Prof Botman’s leadership Stellenbosch University has progressed along its transformation path of becoming significant and relevant to the people of South Africa and the continent. It is our sincere hope that the University will continue in this direction – opening up access, encouraging its staff and students to be critical and engaged citizens, and working towards the transformation goals that Prof Botman held close to his heart.”

– *Dr Blade Nzimande, Minister of Higher Education and Training*

“His passing is a sad loss for our nation and for higher education. He was an inspirational leader who worked tirelessly for transformation in education, and in particular higher education.”

– *Dr Naledi Pandor, Minister of Science and Technology*

“Prof Botman challenged those around him with a particular commitment to increasing university access for communities previously excluded from higher education, to supporting emerging researchers and to promoting the idea that the resources within universities should be harnessed to promote the well-being of communities they serve. Under his leadership, Stellenbosch University has grown in stature locally and internationally.”

– *Dr Max Price on behalf of Higher Education South Africa*

“Prof Russel Botman will be remembered for his vision of a self-sustaining higher education system in Africa contributing effectively to the development of the continent and its people.”

– *Association of African Universities*

“Russel was a gem, and one of the University of the Western Cape’s greatest alumni. Our nation has lost an ethical leader.”

– *Prof Brian O’Connell, Rector and Vice-Chancellor, UWC*

“Russel Botman was an academic stalwart, a uniting voice for ecumenical co-operation and a sound theologian. He was a fine man and a significant influence not only in theological circles but as a champion for socio-economic rights and the uplifting of the poor.”

– *Bishop Ziphophile Siwa, President of the South African Council of Churches*

“Russel Botman showed special concern for poor and disadvantaged students, creating an enabling environment for them to succeed. His contribution, especially within the ecumenical movement, will be remembered and hopefully recorded. May this great South African – a husband, preacher, teacher, ecumenist and leader – rest in peace.”

– *Archbishop Thabo Makgoba, Anglican Church of Southern Africa*



“Prof Russel Botman’s death was a loss for educational institutions. He demonstrated that black people can manage complex educational institutions splendidly and we were very proud of him. He was a precocious and courageous young church leader who emerged in the cauldron of the 1980s peoples’ struggle against apartheid to put the feet of older church leaders to the fire.”

– *Archbishop Emeritus Desmond Tutu, Anglican Church of Southern Africa*

“Prof Botman was ’n persoon met onkreukbare integriteit wat hom altyd vir sy medemens opgeoffer het. Hy het sy diep geloof daaglik uitgelewe. Die Universiteit Stellenbosch en Suid-Afrika het ’n persoon van groot waarde verloor.”

– *Dr Johann Rupert, Kanselier*

Russel Botman was a public theologian *per excellence*. He advanced inclusive and liberating religious and secular beliefs and practices which nurture dignity, freedom and justice for all; which reject anti-intellectualism and commit itself to interdisciplinary and scientific engagement with the complex challenges of life; and which nurture an ethos of tolerance and embrace in the quest for justice for all in pluralistic contexts. Russel was a man of calming faith, dignifying love, and resilient hope – hope that can be stretched, but hope that can never be broken ... neither in life nor in death.

– *Prof Nico Koopman, Dean, Faculty of Theology*

“Onder prof Botman se leierskap het die Universiteit nuwe hoogtes van uitnemendheid bereik en hom as ’n leidende navorsingsuniversiteit in Suid-Afrika onderskei. Die HOOP Projek was sy passie. Sy oogmerk was om hoop te bring aan gemeenskappe deur gemeenskapsgerigte navorsingsprojekte, en ek beskou dit as sy grootste nalatenskap.

– *Prof Christo Viljoen, President van die Konvokasie*

“Russel was ’n liewe en geliefde mens. Die Universiteit Stellenbosch het die afgelope jare groot baat gevind by sy visioenêre leierskap, wat ’n weerspieëling was van sy lewensfilosofie dat die Universiteit se uitnemende navorsing en onderrig ’n verskil in die samelewing moet maak. Hy het my telkens gevra of ons genoeg doen om te verseker dat die Universiteit, as 21ste-eeuse instelling, genoeg doen om toe te sien dat sy en my kleinkinders eendag hier in Afrikaans sal kan studeer. Ons eer sy nagedagtenis en sy onbaatsugtige werk om van die Universiteit en Suid-Afrika ’n beter plek te maak!”

– *Mnr George Steyn, Voorsitter van die Universiteitsraad*

“Russel was ’n sagte mens wat met deernis en begrip geleef het. Soms moes hy in twee geskeur gevoel het deur die eise van transformasie, donateurs, personeel en owerhede. Met grasia het hy geluister en te alle tye opgetree met die beste van intensies. Ek sal vir Russel mis, nie net in ’n professionele hoedanigheid nie, maar ook as vriend. Terwyl ons totsiens sê, moet ons die bydrae wat hy gemaak het om toekomstige leiers te vorm, onthou.”


– *Mnr Thys du Toit, Voorsitter van die Stellenbosch Trust*

“Ook vir sy bestuurspan was prof Botman ’n ware leier. Hy het ons uitdagings verstaan, maar altyd die ander kant belig – ’n regte bemiddelaar. Hy was ook begeleier. Eerder as om te konfronteer, het hy ’n mens oorreed om die pad saam met hom te loop. En hy was bestendig. Ten spyte van kritiek, het hy doelgerig gebly. Russel, ons mensgerigte leidsman en leermeester, ons gaan jou mis.”

– *Rektor se Bestuurspan (RBS)*

“Ons Rektor en Visekanselier was ’n ware leier in die mees omvattende sin van die woord en ’n groot inspirasie vir elke student. Sy integriteit en liefde vir sy medemens was deurgaans sigbaar. Hy sal vir altyd in ons gedagtes bly: ’n ongelooflike voorbeeld van ’n leier wat hom beywer het vir inklusiwiteit in Stellenbosch en Suid-Afrika in die geheel. Ons moedig alle Maties aan om sy werk voort te sit. Dit behels onder meer om die Universiteit Stellenbosch te posisioneer as instelling gekenmerk deur innovasie, inklusiwiteit en toekomsgerigte leierskap.”

– *Studenteraad 2013/2014*



“Russel se liefde vir sy moedertaal, Afrikaans, was opvallend. In lyn met sy oortuigings moes Afrikaans nooit aanspraak maak op spesiale beskerming nie. Hy het nie geglo ons taal kan oorleef as dit in al kleiner wordende kring gekoester word nie. Dit moes instrument wees vir insluiting eerder as wegwysing. Hy het sy werk by die Universiteit Stellenbosch baie stimulerend gevind. Die openheid en entoesiasme van sy studente om sy pad te loop, was sy krag. Die Universiteit se uitnemende navorsingsprestasies was sy trots. Sy omgang met die Universiteitsraad was die slypsteen van sy oortuigings en leierskap. Hy was lief vir die Universiteit Stellenbosch. Hy was lief vir die Maties.”

– *Dr Franklin Sonn, voormalige Rektor van die Peninsula Technikon (nou CPUT) en voormalige Ambassadeur in die VSA*

“Prof Botman was instrumenteel in die daarstel van ’n vreedsame einde aan apartheid in Suid-Afrika en het sedertdien een van Afrika se toonaangewende universiteite gemobiliseer om verskeie van die probleme wat ons land in die gesig staar, die hoof te bied.”

– *Dr Michael le Cordeur, Voorsitter van die Afrikaanse Taalraad*

“Russel Botman was ’n gewaardeerde lid van die Media24-direksie. Hy het oor verskeie jare sy insigte oor die veranderende gemeenskap oorgedra tot die groter welsyn van ons samelewing. Russel was ’n positiewe, meelewende Christen en was ’n bouer, nie ’n afbreker nie. Ons samelewing is armer sonder sy soort.”

– *Mnr Ton Vosloo, voorsitter van Naspers*

“Prof Botman was ’n hoogs gerespekteerde direksielid wie se stil outoriteit en skerp intellektuele en filosofiese insig in Media24 se rol en strategiese rigting diep gewaardeer is. Boonop was hy ’n dierbare persoon. Sy dood, so kort op die hakke van ons vorige voorsitter, prof Jakes Gerwel, se afsterwe, is ’n dubbele slag vir Media24.”

– *Me Esmaré Weideman, uitvoerende hoof van Media24*

“Deur my lewe met Russel het ek die oorvloedige liefde en genade van die Here ervaar. Russel se toekomsgerigtheid het ons vir hierdie pad wat ons nou loop, voorberei. Sy onbaatsugtige liefde vir ons kinders, kleinkinders, ouers en vriende onderskraag ons. Lank lewe Hayman Russel Botman.”

– *Beryl, kinders en kleinkinders*

“Your life was a daily struggle to eradicate all forms of discrimination and poverty; you were a beacon of hope to farmer and farm worker. To us, your brothers and sisters, you were greatness personified and your legacy will live forever. Well done, good and faithful servant. Rest in peace.”

– *Brothers and sisters*

“You were always there in my time of need, Dad. And you taught me to be responsible, sincere, respectful, but most of all to have faith in God. I always looked up to you. I was proud of you. When asked, who I would like to be one day, I answered, “My Father”. Thank you for being an inspiration to me, my wife and your grandchildren. We love you.”

– *Hayman, Blanche, Byron, Jayden and Haylan*

“What I will miss most is my Dad’s inherent beauty that beamed from deep inside and made you feel special to be near him. His is an incorruptible soul with unwavering faith. He was an adoring father: always concerned, always giving and trying to push us towards the self-improvement he continually strived for.”

– *Lizelle*

“Dad, I thank God for the time and close relationship I could have with you. You were a family man, someone who took responsibility. You are a positive role model to South African men, who have very few to look up to. You made me and many others feel we could do anything we dreamt of through hard work and perseverance.

– *Ilse*

“Our father taught us through his words and example that we must set goals and work hard towards achieving them despite the circumstances we find ourselves in. He will be missed, but not forgotten.”

– *Roxanne*





NASIONALE LIED NATIONAL ANTHEM

Nkosi sikelel' iAfrika
Maluphakanyisw' uphondo lwayo,
Yizwa imithandazo yethu,
Nkosi sikelela, thina lusapho lwayo.

Morena boloka setjhaba sa heso,
O fedise dintwa le matshwenyeho,
O se boloke, O se boloke setjhaba sa heso,
Setjhaba sa South Afrika – South Afrika.

Uit die blou van onse hemel,
Uit die diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes,
Waar die kranse antwoord gee,

Sounds the call to come together,
And united we shall stand,
Let us live and strive for freedom,
In South Africa our land.



TER NAGEDAGTENIS AAN
IN LOVING MEMORY OF
INKUMBULO YOTHANDEKAYO

PROF / UNJING HAYMAN RUSSEL BOTMAN

18/10/1953-28/06/2014

Begrafnisdienst / Funeral service 05/07/2014